

LETTERKUNDIGE DEEL.

§ 1 — WAT HET DIE OU GARDE TESAME GEBRING?

WANNEER ons so vrolik op 'n trein met sy moderne geriewe oor 'n kaal vlakke gly, of angs kliprante haastig verbyglip, of kronkelend deur bergpasse heen stoom, dan lyk dit vir ons dat alles daar so vanself gekom het. Ons dink dan nie daaraan watter hoofbrekens dit die ingenieur gekos het, ook nie aan die harde werk wat dit van die arbeiders geverg het, of nie aan die opoffering van geld en moeite nie. Ons verheug ons dan alleen in die genot!

Presies net so was dit met die Afrikaanse Taalstryd gewees.

Die Genootskap van Regte Afrikaners moes hul eie weg vind, sonder enige gegewens om op te vertrou, hul vrye tyd moes hul daaraan bestee, en sonder enige beloning moes hulle die saak van liefde uit eie sak bekostig. En moes dit aanpak van die staanspoor af onder die heftigste teenstand, onder die veragtelikste bespotting en sonder die minste aanmoediging of invloed.

En waarom is al die leed die ou baanbrekers oorval?

Vir niks anders nie as dat hulle dit gewaag het om die volk te oortuig dat ons 'n eie, 'n skone en 'n baie bruikbare taal het wat net wag om tot skryftaal

ontwikkel te word, en verder dat ons op kulturele en politieke gebied diep in die slaap geval het. Dit was die Genootskap se grootste sonde, en daarvoor moes die lede dit gedug vergeld. En DIT WAS DIE GENOOTSKAP WAT DIE EERSTE BASUIN TOT ONTWAKING ONDUBBELSINNIG LAAT WEERKLINK HET — iets wat in die teenswoordige stryd uit die oog verloor word! Wat so anders is as met Jozua en David, wat nooit vergeet het tydens hul skitterende oorwinnings, om die jong geslag gedurig te herinner aan Moses met sy mannemoed teen die magtige vors Farao, aan sy baanbrekerswerk en aan die heftige teenstand, wat hy in die woestyn moes beveg — teenstand van sy eie hardnekkige nasie.

Tydens die Genootskap opgerig is, was die Hollandsprekende Afrikaners taamlik goed gegradeer: die wat hulle gemaklik ná die oorname van die Kaap deur Engeland laat onderwerp het, het op hul plase in die suidwestelike distrikte van die Kaap bly woon. Teen die wederregtelike handeling van Lord Charles Somerset, om Engels as die enigste offisiële taal te erken, het hulle nie groot teenstand gebied nie — selfs die Hollandse Kerk het later aanddienste in Engels gehou. Die medium van onderwys was Engels, terwyl die Afrikaanse geskiedenis en aardrykskunde totaal verwaarloos was waardeur die jonger geslag hard besig was om hul eie sedes, kultuur en gebruike oor boord te gooi om hul by die Europese standaard aan te pas. Die stede en dorpe neem die voortou en die boere wou nie meer so »boers« bly nie. Vinnig was byna almal op die pad van beskawing(?). Die Afrikaners het toe lankal verloor om Hoog-Hollands te praat, Engels moes die plek inneem; dit

sal nie so maklik gaan nie, want daar was die groot binnelande om rekening mee te hou. Maar wen die jong geslag, dan het jy die toekomstige nasie; dus mog geen middel om dit te verkry onbeproof gelaat word nie. En een van die doeltreffendste middels om aan te wend is spot. Spoedig moes die Afrikaner hoor: »Julle het geen taal nie!« »Wat julle praat is 'n Hotnotstaal!« En wie in daardie tyd geleef het, het positief geglo dat Afrikaans 'n Hotnots- en Kombuistaal is. Wie nogal Hollands geleer het, het sulks gedoen om 'n preek te volg, om as lidmaat van die kerk aangeneem te word en om Hollands te kan skryf. Maar Engels was toe alles: dit was die handelstaal en soos gesê ook die enigste offisiële taal.

Dit is reeds algemeen bekend dat Arnoldus Pannevis die eerste persoon was wat daarop aangedring het, dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word. Hy het gemeen dat dit somar kan geskied nes met die inboorlingtale waarvan daar geen vaste skryfvorm hoef te bestaan nie. Ná nege jare met die saak gedweep te hê, het dit hom geslaag om enige bekeerlinge tot sy sienswyse oor te haal — meestal jong manne onder dertig jaar oud en wat onder hom aan die Pêrelse Gimnasium gestudeer het. Soos dit maar alte dikwels die geval is met bekeerlinge was hulle baie geesdriftig vir die onderneming, maar was in die begin nie so ingewy om dit op bekwame wyse te verdedig nie — met redelike verstand het hulle hul saak bepleit en nie juis met versiering van geleerdheid nie.

Pannevis was wel 'n geleerde man, maar was onbekend met die Afrikaanse toestande en daarby baie onprakties. Sy geesdrif, om die Bybel in Afri-

kaans oor te sit, het hom eers op die regte weg gelei om te probeer deur middel van die nuusblaai die algemene opinie van die publiek te verneem. Met uitsondering van sy paar bekeerlinge het hy 'n storm van teenstand ondervind soos hy nie verwag en kon verduur het nie. Vir die Afrikaner was Afrikaans eenmaal 'n Hotnotstaal, 'n kombuistaal en 'n gemors van lae Hollands en wat nie alles nie. Die kreet word aangehef: »Godslastering!« »Dit sal heiligskennis wees om God se dierbare Woord daarin oor te sit!« Sommige maak verfoeilike Afrikaanse vertalings en roep uit: »Hoe sal so'n taal van die kansel klink?« En die skreeuers wou Pannevis stenig as hulle maar kon.

Wat doen Pannevis toe?

Sonder om iemand te raadpleeg skryf hy op eie gesag aan die Britse en Buitenlandse Bybelgenootskap op 7 November 1874 'n brief, waarin hy versoek om die Bybel in Afrikaans oor te sit, en noem daarin de naam van ds. S. J. du Toit — sonder dié se wete — as die gewenste persoon daarvoor. Dit gee toe aanleiding tot 'n korrespondensie tussen ds. Morgan, die sekretaris van die Bybelgenootskap en ds. du Toit, wat versoek om die saak met enige vrinde te bespreek.

Onder die bespreking van die vertaling van die Bybel in Afrikaans blyk dit dadelik dat dit onsin is om aan so iets te dink alvorens Afrikaans eers 'n vasgestelde schryfvorm besit. Hoewel oor die onderwerp in die koerante geskrywe was, was ander sake, soos hervorming van skole, politiek en diesmeer daarby ingesleep, maar om 'n besliste stap in die rigting te neem om Afrikaans te ontwikkel was aan die toe-

koms oorgelaat. Maar nou op daardie vergadering, gehou aan die woonhuis van Gideon Malherbe, Pastorielaning, Pêrel, op Saterdag 14 Augustus 1875, het DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING sy ontstaan ontleen, en toe word besluit om »Die Genootskap van Regte Afrikaners« vir die doel om Afrikaans te ontwikkel te stig. Dus die vergadering was nie byeen geroep met die doel om aan 'n voorafgevoelde behoefte te voldoen nie; maar die behoefte is eers geskep onder die bespreking van iets onprakties. Die vertaling van die Bybel word aan die toekoms toevertrou en gevolglik links gelê om eendag aan te pak.

Pannevis was tot hierdie vergadering nie uitgenooi nie, en toe hy van die besluit van die vergadering verneem het, kon hy hom wel verenig met die stigting van die Genootskap, dog om te verneem dat die oorsetting van die Bybel in Afrikaans tot onbepaalde tyd uitgestel is, het dit hom diep gegrief sodat dit hom die moed ontnem het om 'n warm ondersteuner van die Genootskap te word; eers by die derde vergadering het hy hom as lid laat inskryf en ná hy herhaaldelik daarop aangedring het dat die Genootskap uitvoering aan sy lieflingswens moet gee en toe die lede volhou dat die tyd daarvoor nog nie aangebreek het nie, het hy na verloop van 'n paar jaar as lid bedank. Sy vernaamste teenstander hierin was ds. S. J. du Toit, en hierdie feit was oorsaak dat die twee soms oorhoeks geraak het. Met sy bedanking het Pannevis as rede opgegee dat sy gesondheid hom nie toelaat om aan te bly nie, maar die grootste dryfveer was: teleurstelling! Hoe graag sou hy die Bybel in Afrikaans vóór sy dood nie gesien het nie! Hy het bly volhou dat, as die Bybel een-

maal in Afrikaans gedruk is, sal die mense dit lees en sodoende sal hulle hul met die schryfvorm versoen. Die ander lede het hom daarop gewys dat sy vrome wense nooit vervul sal word nie en dat die Afrikaanse Bybel — soos hy dit wil hê — daar ongelees en onverkoop sal bly lê; maar die regte weg is: wen eers die Kerk en Volk vir Afrikaans, dan is die vertaling van die Bybel iets onvermydeliks, want dan sal die Kerk en Volk selfs daarom vra. En om die Kerk en Volk daarvoor te wen moet die opkomende geslag daarvoor opgevoed word. Dus wat Pannevis in 'n paar jaar tot stand wou bring, is 'n kwessie van jare harde werk, stryd en baie opofferings — gelukkig was ons Afrikaanse resensers in daardie dae nog nie gebore nie anders was dit — soos nou in ons tyd — oorlog met die teenstanders en burgeroorlog met eie taalvrinde.

§ 2 — DIE EERSTE VERGADERING.

Die persone wat aan die huis van Gideon Malherbe op Saterdagmôre die 14de Augustus samegekom het, was: —

Stefanus Jacobus du Toit, 27 jaar oud, Predikant en onderwyser in ou tale Pêrelse Gimnasium,

August Ahrbeck, 24 jaar, teologiese student, Stellenbosch,

Stefanus G. du Toit, 20 jaar, wynboerseun, student Pêrelse Gimnasium,

Casparus Petrus Hoogenhout, 32 jaar, onderwyser te Groenberg, Wellington, distrik Pêrel,

Daniël François du Toit, D. P. sn., 29 jaar, onderwyser te Daljosaphat, Pêrel, beter bekend as »Oom Lokomotief«,

Daniel François du Toit, D. J. sn., 25 jaar, wynboer te Daljosaphat, Pêrel, beter bekend as »Dokter«,
Gideon Jozua Malherbe, 42 jaar, wynboer, Pêrel,
Petrus Jacobus Malherbe, 22 jaar, wynboer, Daljosaphat.

Dit is die ag^{ste} stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners. Eerwaarde J. Pieter Dempers was verwag, maar het nie opgedaag nie; hy het hom by vorige geleenthede te sterk ten gunste van Afrikaans uitgelaat, was gewaarsku dat sy amp daarmee in gevaar staan en dus was hy maar baie versigtig vir die kerkraad.

'n Studie van bogenoemde ag name sal ons oortuig: *a)* dat hulle — behalwe Gideon Malherbe en Hoogenhout — almal onder 30 jaar was, *b)* dat hulle — behalwe Ahrbeck en Hoogenhout — wynboere was, *c)* behalwe Hoogenhout en Ahrbeck was die ander bloedverwante, en *d)* dat vier van hulle aan die gee van onderwys verbonde was. Is dit dan nog 'n wonder dat die teenstanders hulle later die smalende aanmerking toegevoeg het: — »Wat! Wil daardie jong skoolmeestertjies en Dalse wynboertjies vir ons van 'n Hotnotstaal 'n beskaafde een maak? Dit sit nie in hul twak nie!« Dit hét 'n bietjie vreemd gelyk, ook het almal volle baard gedra en het nie geskeer nie. Behalwe ds. du Toit en teologiese student, Ahrbeck, het die ander geen hoë letterkundige opleiding op 'n kollege of uniwersiteit geniet nie. En dit is *hulle* wat die durf besit het om aan die Afrikaanse spreektaal 'n skryfvorm te gee.

Die Genootskap is gestig met die doel: »Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land« — soos vasgestel op die tweede vergadering. Dus word dit 'n letterkundige, 'n kulturele en 'n politieke genootskap — voorwaar 'n reuse onderneming vir sulke jong ongeoefende persone! Sou die jong manne, wat pas hul kort broeke ontgroeï het, dit ooit sonder sedelike, geldelike en vakkundige steun kan regkry? Tyd het ons geleer dat hulle wel deeglik dit reggekry het om 'n vaste fondament te lê waarop hul opvolgers gebou het. Hulle het die taak voor hulle met hand en tand aangepak, het gewillig en vrywillig dag na dag al hul beskikbare vrye tyd daaraan opgeoffer en het bo hul vermoë dit bekostig. Op eie krag wou hulle nie steun nie en daarom het hul vertrou op die leiding van die Bestierder van ons lotgevalle — dit word deurgaans 'n saak van gebed gemaak, 'n sekere uur in die week was toe daarvoor vasgestel, wanneer elke lid in eensaamheid hom vir die doel afgesonder het. Op hierdie punt kom ons later weer terug. Dit het voorwaar die geloof van 'n Abraham nodig gehad om te kan glo dat hulle poging eindelik sal slaag.

Die eerste vergadering was eintlik 'n voorlopige een om die bybelvertaling in Afrikaans te bespreek en was deur ds. du Toit byeen geroep. Twee kommissies was benoem, een om rapport uit te bring omtrent die oorsetting van die Bybel in Afrikaans, en die ander om die naam van die Genootskap vas te stel en om 'n handleiding op te trek watter spelreëls meer of min gevolg sal word.

§ 3 — GODSDIENSSIN VAN DIE LEDE.

Ná verloop van tyd het die ledetal van die Genootskap gestyg tot sowat 50 manspersone — vrouens was nie toegelaat nie met die oog op die geheimhouding van die name van die lede. Soos ons weet, het die lede in geheim ontmoet om hulle te vrywaar van vervolging en die liederlikste bespotting deur die teenstanders, wat volhou dat die Genootskap die volk tot barbaarsheid wil terugvoer.

Dan, die Genootskap was nie alleen 'n letterkundige vereniging nie, maar ook 'n kulturele liggaam. In die kultuurstryd, wou hulle dit dryf op suiwer Kristelike grondslag. Om hierdie rede het hulle as beginsel neergelê om niemand, wat nie in die versoeningsdood van Kristus glo nie, as lid van die Genootskap toe te laat nie. Dit egter het persone van ander godsdienstige oortuiging van die *taalbeweging* nie uitgesluit nie, maar *die lede* wou nie gehinder wees nie wanneer hulle hul vergaderings met gebed open en sluit. En soos reeds meegedeel, het hulle die grootse onderneming 'n saak van gebed maak, wanneer almal eensgesind die knieë saam vóór die Troon van Genade kan buig. Inwendig moes niks hul hinder nie, want die stryd daar buite teen die magtige teenstanders was te heftig om nog onderling verdeeldheid van gevoelens te duld.

Bowendien het hulle vir hul te magteloos sonder die hulp van die Allerhoogste gevoel en so menigmaal was in hul gebede gehoor: »Here, sonder U sal ons nie optrek nie.«

Afgesien van dit alles, al die lede het opgegroeï

in godsdienstige huisgesinne in die distrik Pêrel, alwaar die meeste Hugenote hul gevestig het; getrou aan hul kerklike leer en kalvinisme van die Hugenoot, was die verkondiging van 'n ander leer kettery in hul opvatting, en soos iemand opgevoed is, gedra hy hom in sy verdere lewensloop. Verskeie Hollanders het hulle by die Genootskap aangesluit, maar ook hulle was onderwysers en predikers van die Woord soos Hoogenhout, Van der Ryst, Jan Balt en ander. Dus het hulle eendragtelik so menigmaal gebid: »Ons sal die saak nie opneem nie tensy U aangesig met ons meegaan. Gee ons leiding, wysheid en U seën. Open die oë en ore van ons volk opdat hul let en verstaan wat U ons gegee het en vir wat ons nou ons eie kan noem« (naamlik ons taal).

Die geskiedenis vertel ons watter skitterende oorwinnings onder die vlag van godsdien's behaal is. Wie geloof weet watter krag en steun in die gebed sit. En die Alomteenwoordige verhoor die opregte gebed en skenk na Sy heilige raad en wysheid gewisse uitkoms. Dit het hulle vas geglo, daarop vertrou en daarop voortgebou.

Dit was Oom Lokomotief, en ander lede met hom, wat gesê het: »Sondags bly ek nie uit die kerk nie. Daar binne voel ek met my volk *een*. Buite *verskil* ons, buite *stry* ons, maar tussen die kerkmure is daar volkome *harmonie*, ons luister na *een* redenaar, ons sing saam *dieselfde* gesang en ons verenig ons in *gemeenskaplike* gebed waardeur ons *een* van hart en siel voel — iets wat dié, wat tuis bly, nie kan sê nie.«

Die Bybel was hul rigsnoer — letterkundig sowel as sedelik. Letterkundig, omdat die taal daarvan so

eenvoudig Germaans is, sonder onverstaanbaar vreemde woorde, sonder die lang uitgerekte samegestelde woorde wat 'n halwe reël beslaan en sonder 'n opsmuk van geleerdheid. Sedelik, omdat dit leer hoe die mens sy weg suiwer kan bewaar — naamlik: as hy dit hou na U Woord.

Die agt oprigters van »Die Genootskap van Regte Afrikaners« het hul geroepe gevoel om ons volk te oortuig dat ons 'n eie en voortreflike taal besit wat slegs wag om tot skryftaal opgehef te word — net soos die twaalf vissers van Galilea uitverkore was om die Kristendom oor die aardbodem uit te brei. Die opvatting omtrent die getal twaalf het by ds. du Toit so sterk pos gevat, dat hy in sy geskifte soms verkondig het, dat die Genootskap pleks van ag deur twaalf persone opgerig is. So menigmaal het van die lede gesê:

»Dit is wonderlik watter middele God aanwend om Sy doel te bereik: om die Kristendom voort te plant het Kristus nie die slim skrifgeleerdes gekies nie, maar wel die eenvoudige Galilese vissers om dit te doen.«

Dadelik word aangemerkt:

»Dit is omdat die skrifgeleerdes te geheg was aan die *dooië letter* van die wette en dus te blind om die praktiese leer van Kristus aan te neem. Was dit aan daardie rabbies gelaat, dan het van die Kristendom niks te reg gekom nie.«

»En net so gaan dit in ons tyd met Afrikaans,« merk 'n ander op, »ons geleerdes is te boekvas en daarom is hulle verblind om die waarde van Afrikaans te begryp. Sou dit aan hulle oorgelaat geword het om 'n Afrikaanse skryftaal te ontwikkel, dan het

daarvan voorwaar ook niks tereg gekom nie.«

»Wat! Praat jy nog van iets tereg kom? Wat ons sal gekry het, is 'n gebrou van Afrikaans, Hollands, Frans en Duits om die taal te *veredel* — alles versier met 'n Hollandse taalsmaak waaraan die Suid-Afrikaanse veldgeure opvallend sal gemis word.»

»En dit is opmerklik: die vissers het die Nuwe Testament nie in die klassieke Grieks geskryf nie,« sê ds. du Toit, »maar het die Grieks van die spreektaal gekies, sodat almal in hul dae die bybeltaal maklik kon verstaan.«

»Ja en daar is nog 'n groot les wat ons van daardie Galilese manne kan leer,« las een van die sprekers aan: »Net soos ons, was hulle arm; die paar penninkies wat hulle aan visvang verdien het, het hulle heel gesinne en die goeie saak mee bekostig, net so moet ons handel om elke stuiwer in ons plat beursies vir die taalsaak veil te hê.»

Ewe as die grote Vors van die Kristendom die Fariseërs en skrifgeleerdes nie gespaar het nie, net so het die orgaan van Genootskap die Patriot sy teenstanders en die na-apers van vreemde gode die waarheid rondborstig vertel. Nie alleen was die verengelste Hollandse Afrikaners belaglik voorgestel nie, of die hooghandige behandeling deur die siviele diens gehekel nie, of die ondoeltreffende skoolstelsel aangeval nie, maar ook die predikante van die Hollandse kerk met hul Engelse huistaal en Engelse preke in Hollandse kerke moes dit deeglik vergeld. As afstammeling van die Franse Hugenote, wat die wynstok in Suid-Afrika verbou het, was die Genootskap teen die afskaffingbeweging, en toe die teologiese professore te Stellenbosch afskaffing verkondig en

Engels in Hollandse kerke nie teëwerk nie, word hulle — »die getogade vaders« — nie gespaar nie. Die ou predikante was bitter teen Afrikaans as skryftaal gekant, so was by hulle geen heil vir die taalstryd te soek nie, en sodra hulle hul teen Afrikaans uitgelaat het, het die *Patriot* (die orgaan van die Genootskap) hul onbarmhartig oor die kole gesleep. Dus op hierdie manier kon die publiek oordeel wie reg en wie verkeerd het. 'n Paar van die ou leraars, wat later tot inkeer gekom het, het verklaar:

»Julle jong Genootskappers het verder gesien as ons oues, wat beter moes geweet het, dat Afrikaans die behoud vir Hollands is en die taal van die volk is en wat beter as enige ander deur hulle verstaan word.«

§ 4 — DIE HEFTIGE TEENSTAND EN ONDANKBAARHEID.

Die aanvalle in die koerante teen die oorsetting van die Bybel in Afrikaans was maar geblaf van brakkies in vergelyking met die oorverdowende gebrul teen die Genootskap; of dit was maar gesis van windbuksies vergeleke met die geweldige bars van bomme op die onsigbare vesting van die lede wat daar in geheim vergader om 'n groot diens aan die volk te bewys. Maar die baanbrekers was daarvoor bereid en het hulle daarvoor met gesond verstand gewapen. Vir hul taak was hulle volkome bereken en kon verduur: die vuilste laster, die smadelikste verguising, die magtigste teenstand en die

laagste bespotting. Vir taai werk het hulle nie gevrees nie, selfs die haat en nyd van hul teenstanders het hulle by verrassing nie oorval nie. Wees vrindelik met 'n hond, dan sal hy jou met rus laat, maar trap hom, dan vlie hy jou in. Ewe so was dit met die *Patriot* — hy het die wat hom vertrap het getakel en die kop gewas. Op die gebied van taal, kultuur en politiek het sy teenstanders hom nie gespaar nie, en hy hulle ook nie.

Al het die lede hul name geheim gehou, maar dit was onmoontlik om, waar dit die saak gegeld het, stil te bly. Net soos die intekenare van die *Patriot* het hulle Afrikaans verdedig waaruit stryery gebore is, woordetwis het gevolg, tot uitskel was toevlug geneem met die slotsom dat ou bekendes as kwaai-vrinde uitmekaar gegaan het — net soos vandag nog op politieke gebied plaasvind. Dit alles was oorgenoeg om die voorstanders van Afrikaans en die intekenare van die *Patriot* te brandmerk om hulle dit so onaangenaam te maak as moontlik.

In die algemeen is dit 'n fout om persoonlik te word wanneer driftig geredeneer word. Die *Patriot* word 'n »vuile lor« genoem; sy taal is kombuistaal, Hotnotstaal, Griekwataal of die taal van kantienmeide; die lede heet verknoeiërs van beskawing, dwepers, ongeleerdes wat te sleg is om goeie Hollands te skrywe; en dan volg sulke uitdrukkings boonop:

»Piet, ek sê jou dit reguit in jou gesig: my ou skaapwagter, ou Moos, praat werklik beter as wat julle skryf.«

»Nou kan die ongeleerde Griekwas ook in geskrif lees hoe hulle praat.«

»Sies! vir daardie taal! En twa! vir die *Patriot*«

Waarop die voorstander van Afrikaans sy hand oplig met die kalmerende woorde:

«Wag Koos, moenie so driftig word nie! Lees jou eie woorde wat jy nou praat en vertel my of die *Patriot* slegter Afrikaans skryf as wat jy gesels. Dè, ek het het woord vir woord van jou gesprek opgeteken.»

»Nou man, al praat ek so, dan hoef ek nog nie so te skryf nie! Dit is somar 'n gemors wat ons Afrikaners babbel.»

»Foei, foei, Koos! Jy weet jou moeder het jou die taal op haar skoot leer stamel en nou kom jy haar dooie bene in die graf te na. Het 'n bietjie respek vir jou moedertaal.»

»Moedertaal! *My* moedertaal!.... Dit mag *jou* moedertaal wees! My moeder was nie 'n Hotnotsmeid nie!« roep Koos driftig uit.

Dit was die middeljarige en ouer geslag wat sodanig aan die Hollandse skryfvorm geheg was en dit was *hulle* wat hul kinders gewaarsku het:

»Mannetjie, dametjie, laat ek julle betrap dat julle die *Patriot* stilletjies lees! Verder praat ek niks! Maar ek weet wie later op jul baadjie en rokkie sal praat.»

Of: »Een ding voorspel ek jou, knapie, durf dit asseblief waag om die smerige *Patriot* in *my* huis te bring, dan sal jy gouer die deur uitvlug as wat jy daardeur binne gestap het.»

Of op 'n sagter toon: »My kind, leer Hollands, dan kan jy eendag 'n betrekking op 'n kantoor of besigheid kry; maar as jy Afrikaans leer, dan deug jy net vir bokwagter van 'n Griekwa outa.»

Dit was die soort aanmoediging wat die jongmense van hul ouers ontvang het; maar een geluk vir Afrikaans is: 'n jongmens sien soms die nut van iets

nuuts gouer in as oumense wat aan afgeslete stelsels vasgegroeï en vasgeroes is. En dit was die jong bloed en binnelanders — ver van goeie skole — wat Afrikaans die eerste goedgesind geword het.

Maar wat omtrent die geleerdes en wat Hollands hoor kraai het?

Die antwoord hierop sal Oom Lokomotief gee (sien die *Patriot* van 6 Desember 1878).

»Ons sê: 'n regiment van vyande het ons òm ons. Pas dreig die »Argus« met Engeland se lang arm en swaar hand of die »Cape Times« wil ons doodtrap met 'n lompe voet. Skaars het hy ons gelos of die »Graaff Reinets advertiser« verguis ons met die hardste woorde wat hy kan kry en toon ons dat hy ons sou verguis as hy kon. Nouliks begin die «Transvaler» te erken dat ons vir hulle regte pleit of »De Volkstem« maak ons veragtelik, tenminste so ver as hy kan. Sy onmag het pas geblyk en die *Patriot* begin net mooi wortel te skiet in die Vrystaat of die »Express« wil ons met wortel en tak uitroei, as hy kan. En nader kom die vyande en nouer word die sirkel asof hulle ons wou dooddruk. Daar vlie mnr. W— van Richmond op en nes 'n reus Goliath tel hy sy magtige penneswaard teen ons op. Die »Zuid Afrikaan,« die »Volksblad« en »Era« moes sy orakels teen ons uitbasuin (gewillig of nie?) Die »Colesberg Advertiser« voel dieselfde woede, maar hy het niks te sê nie en neem dus een van die drogredes van W. se stuk oor. Die »Era« weer voel dat W— se stuk laf en kragteloos is en neem nog die laster-

taal van die »Express« oor. Maar nee, hulle kom nog nader. Ds. R— en die kerkraad van P— val ons in ons eie blad aan. In een woord: ons sou in die laaste tyd net die hele *Patriot* weekliks kan vul met wat daar direk en indirek teen ons geskrywe word.«

Tot sover Oom Lokomotief.

Verder maak die »Colesberg Advertiser« die *Patriot* uit vir 'n »vuile lor«. Die »Cradockse Afrikaner« beledig die *Patriot* deur te vertel dat die taal vir halwe barbare geskrywe is en voeg ewe kwaadwillig daarby: »Halfgeleerde Griekwas zullen zeker smaak vinden in het blad.«

Dit is die broederliefde wat die *Patriot* van sy tydgenote ontvang het. As dit die opienies was van die drukpers, wat die publiek moet voorlig, wat was die uitwerking op die lesers? — Lastertaal, slegmaak en uitskel!

Maar dit het die Genootskappers in hul stryd nog meer verhard. Dit het hulle getoon dat daar nog baie, baie gedoen moes word voordat daar sprake van oortuiging en oorwinning kan wees. Een van die lede merk ewe prettig op:

»Al daardie getjank maak my nog nie bang nie. My skoonvader se hond het netso vir my geblaf, maar wat met daardie hond se kleinnooi trou, is ek.» Hy kyk 'n harde teenstander glimlaggend aan en vervolg: »Nou verag julle Afrikaans, maar let op my woorde: *eendag word Afrikaans die offisiële taal van ons kerk en staat.*«

Die antwoord was: »Dit sal *jy*, en dit sal *ek* nie beleef nie, en sou ek tot dan lewe, dan sterf ek op

die plek van verdriet.« Wel geen een van die twee het dit beleef nie.

Wie, in die begin van die taalbeweging, die afskuwelike persone was wat Afrikaans bo Hollands wou stel, kon die vyande maar eers nie uitvind nie. Hulle kon wel gis en hul dolosse het ds. S. J. du Toit altyd aangewys as die leier van die sluipmoordenaars wat die Hollandse taal in Suid-Afrika wou vermoor. Eers was geskimp, daarna word dit openlik gesê en geen gesaghebbende persoon spreek dit teë nie. Sy naam as leier verskyn daarop in die koerante, en nog word dit nie weerspreek nie. En dit was oorgenoeg om ds. du Toit die swartskaap onder die predikante te maak. Erger as dit het hom gewag: Die grootste deel van sy eie gemeente raak teen hom gekant. Nou moet daar iets gesoek word om hom te beklad sodat hy as leraar moet bedank. Een van die laagste onsedelike dade word hom nagegee; die saak het voor die kerklike Ring geding, hy word onskuldig verklaar; maar die vyande was daarmee nie tevrede nie en het hom dit baie moeilik gemaak en verdriet aangedoen. Dit was die groot dankie wat hy vir sy uitstekende dienste as leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging ontvang het.

Dit was glad nie met die sin van die Ned. Ger. Kerk dat Afrikaans so vinnig veld win nie; want die *Patriot* het van 'n klein pamfletjie van 16 bladsye — wat maandeliks verskyn het — tot 'n groot weekblad gegroei met 'n wapen waarop die leuse pryk: *Vir Vaderland en Moedertaal!* In 'n bespreking, wat twee dae geduur het, het die Kaapse Sinode besluit om duisende klein boekies te laat druk om die gemeentes oor die hele land te waarsku teen die

Patriot en sy Hotnotstaal. Die boekies was deur al die predikante saam huis-toe geneem om deur die kerkrade onder die gemeentelede te versprei. In plaas van nadeel aan die taalsaak te berokken het die intekenaarlys in 'n betreklik korte tyd verdubbel. So was die banvloek van die kerk in 'n seën verander.

Individuele vernedering en vervolging het nie uitgebly nie: persone met die *Patriot* in die sak was versoek deur die eienaar om die huis te verlaat omdat hy die vuilblad nie in die hande van sy kinders wil laat kom nie;

Kosgangers was gestraf omdat hulle die *Patriot* in die koshuis ingebring het;

Kosgangers, wat lede van die Genootskap geword het, was gedwing om as lede te bedank, of moes die inrigting op die daad verlaat;

Studente, wat geldelike ondersteuning van private persone geniet het, was gedreig om as intekenaar van die *Patriot* te bedank, of die geldelike ondersteuning sal afgesluit word;

Onderwysers, wat die *Patriot* gelees en ondersteun het, moes van toe af met minder salaris tevrede wees, of was afgedank en kon moeilik weer 'n nuwe aanstelling kry;

Intekenare van die *Patriot* kon beswaarlik 'n goewermentsbetrekking kry omdat die blad as 'n rebel geag was;

En so was daar nog meer dergelike gevalle.

Hiervan moet ons aflei: dat die persone, wat vir die taalsaak rondborstig uitgekom het, staatmakers was wat nie vir haat, nyd en vervolging omgeege het nie.

Baie Hollandssprekende Afrikaners van daardie tyd

en wat in goewermentsdiens was, het, om in die mode te wees, voorgegee dat hulle so fyn opgevoed is dat hulle nie eens Afrikaans kan verstaan, nog minder kan praat nie — so een was dan baie geleerd in sy eie oë en Engelsgesindes het dit vir 'n deug beskou.

Sulke toestande het die lede van die Genootskap die erns van hul onderneming nog skerper laat insien; harder word gewerk en vir die skelwoorde van die teenstanders was hulle al amper ongevoelig, dog hulle keer dieselfde wapens op hul vyande om hulle daarmee te beveg. Die verengelste spul moes van die Genootskappers gedurig hoor:

Dat hulle geen selfrespek besit nie, daarom is hul voetlekkers en naäpers, terwyl die Engelse die nalers tog vir »Dutch« uitskel.

Dat hulle kraaie is wat met pouvere wil pronk.

Dat hulle hul mond so lelik trek as hul Engels praat.

Dat die naäper meer die aap as die mens is.

Dat oorgeblaasde valsgeld geen waarde besit nie, ens.

Die Genootskap was nie juis teen Engels nie, want al die lede was tweetalig, en verskeie het Engels beter as Nederlands geken; maar waaraan hulle 'n renons gehad het, was dat Afrikaners so teen hul eie taal gekant kan wees. Waarom die lede soms met die Engelse so gespot het, was 'n wederkerige uitbetaling van die spot van die Engelse oor die Afrikaner en sy Afrikaanse gewoontes. Lees maar die geskifte en boeke van daardie tyd en word oortuig. Dit verklaar met eens waarom so baie Hollandssprekende Afrikaners liewers Engelse wou

wees omdat hulle die Engelse spot so pynlik gevoel het. Die Genootskap, met terugspot, wou net bewys dat ons ook brille het waardeur ons die foute van ander kan raak sien en dit aan die spotter reguit in sy gesig te vertel.

Die Genootskap het nooit moed verloor nie, en die lede het beweer: »Prys ons — dit maak ons tog niks beter nie. Verguis ons — dit maak ons niks slegter nie. Ons sal selfs toelaat dat julle modder op ons gooi; maar bêwaar jul gebeente as julle die modder by ons durf kom inwrywe.« En hierby het hulle gevoeg: »Al jul windmaak om hemel en aarde mee weg te blaas, en al jul grof geskut wat julle op ons losdraai, is bo oor, want, liewe mense, *julle mik glad te hoog.*«

Die geheimhouding deur die Genootskap geëis, het, soos reeds gesê, meestal daarin bestaan dat 'n lid die name van sy medelede nie mag verklik nie; maar dit het elke lid vry gestaan om te verklaar dat hy lid van die Genootskap is. Op dié manier het die name van al die lede geleidelik bekend geword waardeur elkeen hom met sy eie toedoen tot 'n skyf gestel het. Met die gedagte besiel dat hy onder streng bewaking is, het dit elke lid op sy pasoppens meer noukeurig laat het, hom hard laat werk en dit het die taalsaak goed te stade gekom.

Die goeie naam van die lede het baie van die teenstanders tot nadink gedwing, met die gevolg dat baie by die beweging aangesluit het en ook ywerige werkers geword het.

Die *Afrikaanse Patriot* het sy loopbaan van die begin af so anders begin as ander koerante: Die redaksie moes onder 'n skuilnaam gaan; die geboorte-

plek van die blad moes geheim bly; in plaas van verwelkom te word was die banvloek oor hom uitgespreek; berge van moeilikhede was dwars oor sy weg gegooi om sy loopbaan te versper; sonder kapitaal was die blad gestig; sy oprigters het geen invloed gehad nie en het uit jongmanne bestaan sonder hoë akademiese opleiding; sy aanhangers was gering in getal; sy vyande groot in menigte en baie magtig, en sy intekenare het bestaan uit eenvoudige persone wat maar min skoolgeleenthede in hul jongdae gehad het. Stroom-op, teen al die moeilikhede, het hy 'n ongevoelige en onsimpatieke wêreld ingestap. Maar op sy weg het hy orals vrinde ontmoet totdat hy eindelijk in Transvaal aangeland het. Dit het mense tot lees gebring wat nooit van tevore 'n koerant in hande geneem het nie omdat hulle Hoog-Hollands nie kon verstaan nie.

En watter loon het die Genootskap hiervoor van die geleerdes ontvang?

Ondankbaarheid! Tot vandag toe nog word die lede deur sommige aangeval en verguis vir alles wat hulle tot stand gebring het deur die pynlikste wapen van slegmaak te gebruik — iets slegmaak wat so dierbaar was, en is, vir die ou baanbrekers toe hulle douvoordag opgestaan het om ons volk op te hef. Dit is die gevoeligste, nee die pynlikste wond wat iemand toegebring kan word, om te beswadder wat vir dié se hart die dierbaarste is. Selfs in kultuurwerk word die neus ingesteeek om *kuns* uit te snuffel — wat oorgenoeg is om 'n ewige walging in die woorde *kuns* en *sielkunde* te kry. Aanmoediging vir die harde baanbrekerwerk was daar in die geheel nie. Die lede was mense, en as sulks het hulle net sulke fynbe-

snaarde gevoelens as alle mense besit. Hulle het dit gevoel, en die paar wat vandag nog leef voel dit nog dat hul werk van liefde so deur die modder gesleep word. Lees wat opgeteken staan in die woorde van die redakteur, Oom Lokomotief: —

»Ons het dag en nag gewerk vir die saak, haas bo ons swakke kragte en vermoë, sonder enige beloning, *alles met die oog op die toëkoms*. En nou dat dit lyk dat ons moeite haas sal beloon word, tenminste deur erkenning en dank, nou word ons eers gehaat en gesmaad van verskillende kante. Ons het 'n blad opgerig teenoor die sterkste vooroordele en bitterste teenstand. Ons begin toe met minder as 50 intekenare, sonder geld, sonder invloed. En binne 3 jaar is ons blad so toegeneem dat hy maar nou drie Hollandse koerante ken in heel Suid-Afrika wat meer intekenare het as hy en geeneen wat so druk en graag gelees word as hy nie. En as sy intekenare so bly toeneem, sal dit nie lank duur nie of hy is die ander verby. (Hierdie voorstelling is bewaarheid geword — Skrywer). Nou, die grote meerderheid van ons intekenare is mense wat nooit vir koerante ingeteken het nie. En ons dag al die tyd dat die man 'n groot weldaad aan sy volk bewys wat hulle tot lees bring. Deur in die taal van die volk 'n blad uit te gee, het ons nie alleen leeslus, maar wat nog meer sê, ook *skryflus* opgewek by ons bevolking. Week op week bly 'n boel briewe oorlê, wagtende op plek. Die mense voel dat hulle nou nie langer soos doofstommes hoef te sit nie. Dit

is iets wat alle teenstanders totnogtoe nie kon, of nie wou sien nie. Hulle hou maar daarop: »Die mense kan goed Hollands *verstaan*.« Nou, ons het honderde getuigskrifte dat dit nie die reël is nie. Maar dan nog, al sou ons dit toegee, dan vra ons nog: Hoeveel van ons bevolking kan hulle *uitdruk* in Hollands of Engels? 'n Taal is tog net so goed 'n voertuig om jou gedagte in uit te druk as om 'n ander se gedagtes te verneem. Dit het al ons teenstanders totnogtoe misken en daar is nie een wat in staat is om ons posiesie op die punt te bestry nie. Die bevolking voel ook dan die *mag*, daarom noem hulle die *Patriot* »ons koerant.« En daarom skryf hulle so fluks daarin en begin hulle gedagtes in geskrif uit te spreek. Ons dag dat dit 'n groot weldaad is om 'n volk, wat verstandelik geboei was in die ergste slawerny, die tong los te maak dat hy sy regte kan verdedig.«

Tot so ver Oom Lokomotief.

Op hierdie manier het die redaksie baie maal gekla oor die afskuwelike ondankbaarheid van die teenstanders, en vandag nog bestaan daar genoeg rede om sommige eensydige beoordelaars — wat beter behoort te weet — daarop te wys dat foutvind nie juis kennis en geleerdheid is nie. Waar is die waardering vir al die heftige stryd en swaarkry en waar bly die beloning vir die onbaatsugtige opofferings aan geld en kragte? Al skemer deur bo aangehaalde 'n toon van weemoed, merk ons nog daarin die vasberadenheid van die ou geharde werkers. Tot aan hul dood was dit vir hulle 'n saak van *liefde* en

toewyding. In die stryd is hulle weggeroep en het afskeid geneem van hul toeteling en die liefling ook van die nageslag — naamlik die Afrikaanse taal.

§ 5 — DIE GESKIL TUSSEN Ds. DU TOIT EN PANNEVIS.

Dit is nie die plan om 'n uitvoerige beskrywing van al die lede van die Genootskap hier te boekstaaf nie — dit is reeds in *Eerste Skrywers* ten dele gegee — maar daar het 'n verskil van mening tussen ds. du Toit en Pannevis bestaan omtrent die begin van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en dit is van belang om iets van hul karakters af te weet waardeur 'n helderder lig op die geskilpunt sal val.

Ds. Stefanus Jacobus du Toit was 'n man van sterk wilskrag, en was dit nie vir daardie wilskrag van hom nie, bly dit nog 'n vraag of die Genootskap ooit 'n bestaan sou ontvang het. Maar sonder sy broer Daniël François du Toit (Oom Lokomotief) en Casparus Petrus Hoogenhout sou hy niks uitgerig het nie, want hulle, as besadigde manne en staatsmakers, was sy beste adviseurs en het sy voortvarende planne betoel deur grondige bespreking. Die bewys hiervoor kom duidelik uit, toe Oom Lokomotief en Hoogenhout die Patriotkantoor op laas verlaat het, dat van toe af was ds. du Toit se pogings om 'n ander Afrikaanse blad op te rig een mislukking na die ander. Die werkkragte van ds. du Toit het sy vrinde met verbasing vervul. Hy was 'n vlugge skrywer; sonder om na te lees het sy geskifte na

die drukpers gegaan. As teenstander in 'n disputasie het hy sy weerga gesoek — in kort, hy was 'n gebore advokaat en met 'n deeglike opleiding as sulks sou hy 'n skitterende ster in geregshowe gewees het. Hy was soms styfhoofdig en het hy eenmaal 'n opienie oor iets gevorm, laat hy hom nie gou oortuig nie. »As ek meen dat ek reg het, laat ek my nie oortuig nie« het hy dikwels gesê. En dit was hierdie opvatting van »reg« wat so'n bekwame man, as hy was, dwase spronge laat neem het en baie uitstekende ondernemings laat misluk het. Wat hy *alleen* aangepak het, het op die ou end tot niet gegaan. Maar wat ds. du Toit se tekortkominge ook mag gewees het, een ding staan vas: *Daar sal geen Eerste Afrikaanse Taalbeweging sonder hom gewees het nie* — al het hy dit later self verongeluk. Nou kom 'n ander vraag: as die Eerste Taalbeweging nie daar was nie, sou daar ooit 'n Tweede gekom het? Want die Vereenvoudigde Hollands het uit die staanspoor ontsaglike vordering gemaak en spoedig die steun van Kerk en Staat geniet. Het die Vereenvoudiging eers pos gevat, en daar was nie vooraf liefde vir Afrikaans opgewek nie, dan kan dit hard betwyfel word of Afrikaans na 1906 ooit weer 'n kans sou gestaan het. Wat ook al die uitkomst hiervan mag gewees het: ds. du Toit, as aanvoerder van die Genootskap van Regte Afrikaners, het die pad vir die Tweede Taalbeweging oopgekap. En hierom is sy naam diep uitgebeitel in die harde rots van ons taalgeskiedenis wat hom meer werd is as 'n standbeeld van brons of kostelike marmer.

Maar elke groot man kyk met welgevalle neer op wat hy tot stand gebring het; sodra 'n ander die

aanspraak van eersgenoemde op wat tot stand gebring is betwis, dan volg daarop 'n stryery. Ds. du Toit het beweer dat hy die held van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging is; Pannevis het dit betwis en beweer dat hy (Pannevis) dit is. Hierdie onderwerp is reeds uiteengesit op bls. 41 *Eerste Skrywers* (2de druk) sodat dit onnodig is om hier te herhaal wat daar meegedeel is.

Arnoldus Pannevis het heeltemaal 'n ander saak aangeroe: hy wou — soos reeds vermeld — die Bybel in Afrikaans oorgesit hê net soos in die geval met bybelvertalings in inboorlingtale waarvan daar geen skryfvorm of letterkunde bestaan nie. Sy swak senuweegestel en sy ongeduld om 'n Afrikaanse Bybel in druk te sien, het daar onder gely toe die Genootskap aan sy versoek nie gehoor wou gee nie. En dit was vernaamlik ds. du Toit wat Pannevis die onmoontlikheid onder die oë gebring het. Dit het Pannevis diep gegrief, sodat hy en ds. du Toit soms ernstig oor die saak geredeneer het. En dan kom nog hierby dat Pannevis beweer het dat hy die vader van die Afrikaanse Taalbeweging is. Nà hy bemerk het dat al die ander lede die mening van die dominee toegedaan was, het hy toevlug na die drukpers geneem en daarin verklaar dat *hy* die bewerksteller van die Taalbeweging is — waaroor baie van die nageslag nog onnodig sal redetwis; want die korrespondensie in die koerante oor die oorsetting van die Bybel in Afrikaans het spoedig doodgeloop, dus geëindig, in plaas daarvan word ander korrespondensie daarop oor verskillende onderwerpe gevoer. Maar dit was die brief van Pannevis aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap wat *indirek* die aanleiding tot die

stigting van die Genootskap gee het. En wonderlik, Pannevis is oorlede op 14 Augustus, die verjaardag van die Genootskap.

Om Arnoldus Pannevis beter te kan begryp gee ons enige staaltjies uit sy lewe: —

Op bls. 79 *Eerste Skrywers* is meegedeel hoe Pannevis en ds. Wilhelm van der Lingen saam een nag 'n gedaante in hul slaapkamer drie maal sien instap het, hoe dit vóór Pannevis se bed bly staan het, hoe Pannevis die verskynsel as die van sy broer erken het, hoe hulle aantekening van datum en uur gemaak het en hoe met die eerste posboot 'n brief uit Java gekom het om mee te deel dat sy broer presies op die aangetekende uur en datum gesterf het, en hoe hy sy broer Arnoldus nog so graag voor sy dood wou ontmoet het. Hierdie gedaanteverskyning het 'n baie nadelige gevolg op die swak senuweegestel van Arnoldus nagelaat. En dit het duidelik geblyk dat hy nooit van die skok ontslae geraak het nie.

Dikwels het dit daarna gebeur wanneer hy met 'n vriend wandel dat hy bot stil bly staan en verklaar: »Nou kan ek geen tree verder stap nie.« Dit kos dan moeite om hom weer aan die loop te kry — mooipraat en simpatie was die enigste wat gehelp het.

Op 'n sekere dag was hy in die Pêrelse Gimnasium besig met een van die klasse in middelbare onderwys, terwyl hy half deur die werk was, gee hy aan die klas verlof om maar na huis te gaan omdat hy onwel voel. Soos jongetjies is, wou hulle weet wat hy makeer. »Ek het 'n blink ster bo aan die solder sien skitter,« was sy antwoord.

Wanneer hy opdraand loop, dan draai hy hom om

en stap agteruit die helling op, seggende dat hy so gemakliker kan loop. Natuurlik gaan dit soms met val oor klippe of trap in gate gegaard.

En tog het hy 'n plan opgevat om van Kaapstad na Kaïro te voet te stap. Hy gee sy plan aan Oom Lokomotief te kenne en nooi die om met hom die reis te voet af te lê. Om hom nie aanstoot te gee nie willig Oom Lokomotief vir die pret in en moes soms 'n lag onderdruk om na die onpraktiese planne van Pannevis te luister. Op alles sê Oom Lokomotief maar: »Ja, ja«. Op 'n sekere dag nooi Oom Lokomotief sy vrind uit om die agtermiddag by mnr. Perold (vader van dr. J. A. Perold), wat maar enige honderde treë van waar hulle sit en gesels, woon. En tot vermaak ontvang Oom Lokomotief van die trans-Afrika-wandelaar die antwoord: »Wat? Wil je hebben dat ik daarheen moet vliege? Je weet ik ben 'n slegte looper.« So is daar nog meer sulke sonderlinge staaltjies van die groot Ontdekker van die waarde van Afrikaans. Sonder die naam van Arnoldus Pannevis is die geskiedenis van die Afrikaanse taal onvolledig.

§ 6 — »ONS SKRIJF SOOS ONS PRAAT«.

Die stelling »Ons skryf soos ons praat« het baie penne in beweging gebring sonder egter die ware bedoeling daarvan te begryp. Tot 1875 het ons Hollands *geskryf*, maar Afrikaans *gepraat*. Hieraan wou die Genootskap 'n einde maak. Die aanvallers op die stelling het deurgaans getoon, dat hulle meer taalgeleerd as prakties was. Wat is die nut om 'n